

HOEKOM JY SPINNEKOPPE
NIE KAN VERTROU NIE!!

In elk geval, toe ek buite kom, het my pa die voorskoot wat ons vir hom vir Vadersdag gekoop het, aangehad.

Daarop staan: "My pa is 'n bobaaskok!", maar die meeste van die letters het al in die was verdwyn en nou staan daar: "My pa  s    bo      kok!"

Hy het ou disko-deuntjies gefluit terwyl hy die vleis braai. Toe, uit die bloute, was daar skielik 'n groot krisis. Nie met sy gefluit nie, maar met sy braai. Ek dink jy kan dit 'n goggaprobleem noem. Toe hy my vra om huis toe te hardloop en die insekdoder te gaan haal, het ek 'n SLEGTE voorgevoel gekry.






Ek was soos: "Is Pa seker?"

En hy was soos: "Ek's nie van plan om my peperduur steaks met hierdie lastige vlieë te deel nie."

Wel, DIT was 'n groot fout, want dit was NIE vlieë nie. Jy sal dink 'n pesbestryder sal 'n vlieg herken as hy een sien. Ongelukkig vir Pa het hy met 'n nes baie KWAAI PERDEBYE te doen gehad!!

# ONS GESIN BRAAI SAAM
('N STROKIESPRENT)




Bzzz!
Bzzzzz!
Bzzzzzzz!
Bzzzzzz!
BZZZZZZZ!
BZZZZZZ!
BZZZZZ!
BZZZZZZ!

*DIE EINDE*